DIE WESSIE

NEWSLETTER OF THE WCDM
58 Long Street, Moorreesburg, 7310
Edition 1.3 February 2010
NUUSBRIEF VAN DIE WKDM
Tel. 022 433 8400 / Faks: 086 692 6113

Die geheim van Paternoster

PATERNOSTER: Die rus op die skilderagtige kusdorp, is aan die begin van die Desembervakansie (2009) versteur, toe bouers tydens opgrawings op menslike beendere afgekom het.

Op die beknopte speelgrond van St. Augustine's primêre skool, sou daar met opgrawings vir die bou van 'n klaskamer begin word. Die nuwe graad R-leerders, sou saam met juffrou Cathleen Scheepers, 2010 op 'n hoë noot afskop. Van die nuwe klaskamer het niks gekom nie. Opgrawings is voorlopig tot stilstand gedwing, nadat die bouers opdrag gekry het om die bouery te staak.

Erfenis Wes-Kaap het die adjunkhoof van die skool, mnr. Jesse Constable opdrag gegee om die beendere terug te plaas, weer toe te gooi en te wag tot die argeoloë opdaag om die fonds van naderby te bekyk.

Die ontdekkings het veroorsaak dat al wat joernalis is, plaaslik sowel as nasionaal, die afgelope paar weke die dorp besoek. Tydens my besoek aan die perseel, wat agter ogiesdraad en met 'n geel band afgesper staan, kan jy die opgewondenheid onder die inwoners en leerders met 'n stok voel. Die leerders is maar te bly oor die aandag van besoekers wat hulle deesdae ontvang. Vra jy, hulle om vir 'n foto te poseer, is dit, "Lights, Camera, Action," en daar's jou foto.

Volgens media berigte word beweer dat die beendere dalk die van Khoisan-inwoners kan wees.

In 'n verslag deur mnr. Nicholas Wiltshire en sy span, van Erfenis Wes-Kaap, wat die skool op 4 Januarie besoek het, bevestig hy dat die 3 grafte, potskerwe en skulpe wat op die terrein gevind is, moontlik tussen 3 000 en 2 000 j jaar oud kan wees.

Een van die inwoners van die dorp, mnr. Francisco Pharao (69), van Tamarynstraat vertel. "Daar waar die opgrawings nou plaasvind, was voorheen 'n begraafplaas." Pharao, 'n oud leerder van die skool en gesiene inwoner op die dorp, beweer dat 'n destydse familielid, ene Willem Pharao hier begrawe was.

"Sy graf het langs die ou pad gelê, soos jy na die fabriek toe gegaan het. Die datum 1804 lui nog 'n klokkie. Dit het op die grafsteen gestaan, maar of dit sy geboorte- óf datum van afsterwe was, dit weet ek nie meer nie," sê hy.

Net buite die skool se omheining, aangrensend van waar die opgrawings plaasvind, is daar tekens van 'n vroeë begraafplaas. 'n Grafsteen met die volgende inskripsie daarop is net-net sigbaar bo die sand en gras.

" In Memory of our dead daughter, Dina Helena Danielsz, aged 25, who drowned in the SS Resolu near Jacobsbay."

Op 'n navraag, aan 'n navorser by die Skeepswrak Museum op Bredasdorp, verskaf hy die volgende inligting. "Die korrekte spelling is RESOLU. Dit was 'n stoom skip. Gesink in 1898 by Jacobsbaai. Dit was 'n goedere skip. Niemand aan boord het oorleef nie. Dina Helena Danielsz, was die enigste vrou aan boord. Geen vêrdere inligting oor hoe die skip gesink het nie."

Teen druktyd het die argeoloë nog nie hulle opwagting gemaak nie, en wag die inwoners geduldig om te hoor wie se beendere lê hier begrawe.

Karel Willemse

'n Kopbeen wat deur die opgrawings bloot gelê is.

Mnr. Francisco Pharao, by die graf net buite die skool se omheining.

Die graf van Dina Helena Daniels, 'n drenkeling aanboord van die RESOLU, wat in 1898 naby Jakobsbaai gestrand het.

Werkswinkel oor Toerisme

Heelwat belangstelling is getoon, by ‘n werkswinkel oor die moontlike uitbouing van die toerismebedryf in die distriksgebiede. Die werkswinkel wat deur mnr. Johnny Philander, by die Toerisme Sentrum op Bitterfontein aangebied is, het die afgevaardigdes van omliggende dorpe soos Molsvlei, Putsekloof, Stofkraal, Rietpoort, Nuwerus en Kliprand ingesluit. Daar is veral gekyk na moontlikhede, hoe dit ontgin kan word en wat is die kanse op volhoubaarheid.

GANZEKRAAL KRY ‘N NUWE GESIG

Werkers besig om herstelwerk te doen aan die trappe.

Vir ‘n geruime tyd is groot kommer uitgespreek oor die impak wat die wind en weer asook besoekers op die geboue van die bekende vakansieoord, Ganzekraal aan die Weskus, tot gevolg het.

Na afloop van die Sondeza-kamp, verlede jaar, is daar flink gewerk om die dek en trappe te vervang.

Volgens mnr. Sakkie van der Westhuizen, direkteur Tegniese dienste, sal daar binnekort met herstelwerk aan die dak en staalkonstruksie begin word.

Die ou dek soos hy voorheen gelyk het.

Die nuwe dek na voltooiing.

For more information, please visit our website @: www.westcoastdm.co.za
Or contact us @: 58 Long Street/ Langstraat 58, Moorreesburg, 7310
Tel. 022 433 8400 , Fax/ Faks: 086 692 6113.

World Wetlands Day

3 February 2010

Airial view of Verlorenvlei Ramsar site, with Baboonpoint heritage site in the background, at Elands Bay.

Wetlands & Estuaries within West Coast District

In order to safeguard the future of the three major estuaries within the West Coast District, Olifants-river, Verloren Vlei – Ramsar* site and the Lower Bergriver), Integrated Estuary Management Plans are currently being developed by the West Coast District Municipality in co-operation with the Cape Estuaries Programme.

As required in Chapter 4, of the Integrated Coastal Management Act - which focuses on the co-operative governance principle, the section, Environmental Integrity, makes provision for the necessary funds to compile these documents and plans. The main aim of these Estuary Management Plans is to support the Integrated Environmental Plan of the West Coast District Municipality, and to prepare strategic and specific environmental management visions, objectives and plans for each estuary within the West Coast Region. Estuary management forums consisting of various National-, Provincial- and Local Government departments and representatives will be responsible to roll out identified programmes, projects and plans as indicated by these management plans in order to safeguard and enhance the protection of our Wetlands in future.

***RAMSAR Status**

RAMSAR is an international agreement for the management and conservation of Wetlands all over the world.

The agreement was signed in 1971 at Ramsar, Iraq, after a Convention organized by UNESCO (United Nations Educational, Scientific and Cultural Organisation). It proposes strict guidelines for the management of Wetlands to ensure the continued existence of these vital and important ecosystems.

Among the 15 South African Wetlands currently registered as RAMSAR sites are the Orange River Estuary, De Hoop Vlei, Langebaan Lagoon and Verloren Vlei at Elands Bay.

RAMSAR status ensures critical advantages that Wetlands hold for natural processes, as well as human well-being. It involves local authorities in the management of Wetlands, and makes provision for continued monitoring.

Charles Malherbe

For more information please visit our website at Www.westcoastdm.co.za

Rieldansers, sê dankie

Aan die Raad:
Graag wil die Bitterfontein Rieldans Groep van hierdie geleentheid gebruik maak om u hartlik te bedank vir alle steun hetsy geldelik of teenwoordigheid by die afgelope kompetisie. Ons waardeer dit opreg en glo dat dit baie vir hierdie kinders beteken het.
Alhoewel ons nie as algehele wenners in die Junior kategorieë van die Rieldans Kompetisie weggegaan het, het ons wel sterker in mens ontwikkel. Ons het ook die prys vir beste drag gewen, beste leier asook naaswenner in die Junior kategorie.

SHAUN CLOETE
(*Rieldans Koördineerder*)

DIT WAS A-Y-O-B-A

Beamptes van die WKDM het die opening van die Kaapse stadion bygewoon. Die tweede fase opening het saamgeval met ‘n wedstryd tussen die Stormers en Boland. Nagenoeg 40 000 toeskouers het die stukkie geskiedenis meegemaak.
“Die stadium is awesome!” “Dit was cool,” was die algemene gevoel onder die wat die verrigtinge bygewoon het. Vervoer van die verskillende punte af was seepglad. Die busse se diens was flink en sonder voorvalle. Teen die tyd dat die stadion leeg was, was die middestad ook leeg en geen verkeersopeenhopings het voorgekom nie. Veiligheidsmaatreëls was uit die boonste rakke.
“En ja, ons was daar!”

UPCOMMING EVENTS

Department	Date	Town	Meeting	Venue/ Persons	Time
Home Affairs	**02 March**	**Lamberts Bay**	**ID documents**	**100 persons**	**09:30—13:00**
	03 March	**Koekenaap**	**ID documents**	**100 persons**	**09::30—13:00**
Tourism	**28 April**	**Moorreesburg**	**Marketing**	**TBC**	**10:00**
	30 April	**Clanwilliam**	**RTLC**	**TBC/DEDT**	**10:00**
EXPO’s	**8 - 11 May**	**Durban**	**Indaba**		
	2—5 June	**Windhoek**	**Namibia**		
2010	**2 March**	**Moorreesburg**	**100 days celebration**		
	2 March	**Saldanha Bay**	**100 days celebration**		
Other	**21 March**	**Human Rights day**			
		Launch of the Countdown clock			